

# Les 24

Teks: Johannes 9: 1 - 12

## 1. Inleiding

Ons begin vandag by Hoofstuk 9, met die wonder van die genesing van 'n blinde man. Ons is nie presies seker wanneer hierdie wonder plaasgevind het nie. Die element van lig vir die wêreld koppel dit duidelik aan die tabernakelfees. Daarom het dit waarskynlik na die tabernakel fees, maar voor die tempelwydingsfees in Johannes 10, plaasgevind.

## 2. Blindheid van geboorte af

Hoe die dissipels geweet het dat hierdie man van sy geboorte af blind was is onduidelik. Tog kan die geestelike parallel nie mis gekyk word nie. Alle mens is geestelik blind van hulle geboorte af. Want dit is tog juis wat Christus kom verander het vir die mens.

## 3. Die verband tussen leiding en sonde

Dan die vraag in vers 2 of hierdie blindheid die straf op die man sy eie sondes is, en of die sondes van sy ouers. Maar onthou dat hy blind was van geboorte, so hoe kon dit die straf op sy eie sondes wees? Die oortuiging van sommige Jode was dat 'n ongebore baba sonde in die baarmoeder kon doen. Presies watter sonde is nie vir ons duidelik nie. Die tweede moontlikheid was dat die moeder gaan deelneem het aan 'n heidense ritueel by 'n ander geloof. Daar is geglo dat in hierdie geval het nie net die moeder gesondig nie, maar ook die ongebore baba het gesondig in die deelname aan die ritueel.

Tog skemer in die vraag die gevoel deur dat die apostels nog nie veel verder as job aan die begin van sy geskiedenis gevorder het in hulle siening van sonde en die straf daarop nie. Vir hulle van die nog baie individueel en geslote in terme van sonde en straf.

## 4. Die boodskap na die wêreld

Steeds is hierdie man se blindheid nie per toeval nie. Daar is wel debat of vers 3 aan Johannes 11:4 gekoppel kan word (*Soos wat die Direkte Vertaling dit wel doen*). Tog is dit duidelik dat hierdie gedeelte soveel meer as net 'n wonderwerk is, dit is 'n definitiewe teken. En hierdie teken moet wyd en ver gesien word. Daarom sê Jesus ons moet die werk doen. Sy dissipels is hier al net so deel van sy sending soos na die hemelvaart met die Pinkster gebeurde.

Laastens is dit belangrik om te sien dat Christus die lig van die wêreld is. En hierdie lig skyn natuurlik op Sy helderste in die mensdom, toe Jesus fisies teenwoordig was as mens op aarde. Daar is en bly iets besonder spesiaal aan Christus se bediening op aarde.

## 5. Modder op die oë

Hierdie is een van daardie eienaardige wonderwerke, wat speeksel en modder bevat. Sonder om hierdie gedeelte te veel te allegorieseer, kom ons kyk na die volgende verduidelikings:

- a) Die Jode het geglo dat die speeksel van die eersgebore Seun van 'n Vader genesingskrag het, maar nie die eersgebore van 'n Moeder nie.
- b) Die tweede verband word getrek na die skepping geskiedenis in Genesis 2:7 getrek. Die sou dan 'n sterk messiaanse betekenis hê, in die sin dat Jesus net soos die Vader, skeppingsmagtig is.

c) Calvyn het weer op sy beurt die modderpasta gesien as iets wat dit selfs nog moeiliker sal maak om te sien. Baie soos Elia se altaar.

d) Laastens is bloed en speeksel onder die reiningswette in die Ou Testament as 'n manier gesien om onrein te word, veral as dit aangeraak word. Maar Christus kom draai dit om. Die man kan sien deur Sy speeksel en ons word rein deur Sy bloed.

## 6. Die Siloambad

Die Siloambad speel so belangrike rol in hierdie gebeurtenis, dat Jesus self dit verduidelik. Siloam beteken gesteurde. Die Siloambad was ook die bron van die water by die tabernakel fees. Verder is dit ook die onderwerp van verskeie profesieë uit Jesaja. Dus is dit ook ryk aan messiaanse profesieë.

## 7. Tekstvergeelyking

1. Genesis 2:7
2. Genesis 49:10
3. 1 Konings 18: 34 - 35
4. Jesaja 8:6
5. Job 42:5
6. Johannes 5:14
7. Johannes 11:4
8. Galasiërs 4:13

## 8. Vrae

1. Is die wêreld nog blind vandag?
2. Wat is die verband tussen sonde en leiding?
3. Wat is ons verband vandag met die "Lig van die wêreld"
4. Wat is die enigste boodskap wat die wêreld werklik kan red?
5. Wat is u gedagte oor die modderpasta wat Christus aangemaak het?

## 9. Bronne

1. Carson, D. A. (1991). *The Gospel according to John*. Leicester, England; Grand Rapids, MI: Inter-Varsity Press; W.B. Eerdmans.